

4

DIE SKEPPING God sorg vir alles

PRAKTYKLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God alles gemaak het en dat Hy vir ons die opdrag gee om vir alles te sorg en dit te geniet.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- God het alles gemaak.
- Hy het alle mense, ook vir hulle, spesiaal gemaak.
- ons het die opdrag om te sorg vir alles wat Hy gemaak het.

Gesindheid

Die kinders moet –

- in hul gebede God dank vir alles wat Hy gemaak het.
- bereid wees om dit wat God gemaak het, te versorg, dit mooi op te pas en dit te geniet.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- die verhaal van die skepping kortliks te vertel.
- maniere te kan opnoem hoe 'n kind die skepping (die natuur en omgewing) kan versorg en oppas.

MEER INLIGTING (Genesis 1: 1 – 2: 4 en Psalm 8: 4-10)

God was nog altyd daar, maar alles was donker en daar was niks op die aarde nie. Niemand kon daar bly nie. God het toe alles gemaak. God het ¹lig gemaak en dit *dag* genoem en die donker het Hy *nag* genoem. Daarna het God die ²lug gemaak en Hy het dit *hemel* genoem. Hy het die grond en die water geskei en die grond ³aarde genoem en die water het Hy ³see genoem. Hy het gesê daar moet ³plante en bome op die aarde groei. Toe maak God die ⁴son, die maan en die sterre. Hy het al die verskillende ⁵diere in die water en al die verskillende soorte voëls in die lug gemaak. Hy het al die ⁶diere wat op die aarde is, ons honde en katte, gemaak; ook al die wilde diere wat in die veld loop, die skape, bokke en beeste; die klein goggatjies soos spinnekoppe, miere, muskiete en vlieë. God het ook die mens, mans en vroue, gemaak om vir alles te sorg wat Hy gemaak het en dit te geniet.

Nadat God alles gemaak het, het Hy gekyk na dit alles en gesê dat dit goed is. God het nie slegte goed gemaak nie, net goeie goed.

Daarom het die Here aan ons die opdrag gegee om te sorg vir alles wat Hy gemaak het. Hy het ons so uniek gemaak dat Hy ons aangestel het om oor die hele skepping (die natuur en die omgewing) te regeer. Ons moet vir die Here dankie sê dat Hy vir ons hierdie wonderlike opdrag gegee het en dat Hy ons daarmee help en ons vertrou.

AANBIEDING

Vooraf

Tref reëlings dat die kinders (en hul ouers) tydens die les na die kerk se tuin of na 'n mooi tuin van iemand in die gemeente gaan, om spesifiek oor die wonder van God se skepping te gesels en die mooi daarvan raak te sien.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Het hulle onthou om die prente in te kleur?
- Kan hulle vertel wat hulle gedoen het om vriendelik te wees met almal en mense te help as hulle iets nodig het?
- Het hulle onthou om die woorde te leer? *Ek wil, soos Samuel, ook vir die Here werk.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees Genesis 1: 1 en vertel kortliks uit MEER INLIGTING van die skepping. Neem dan die kinders na buite om deur die kerkterrein te stap of na iemand anders se tuin en laat hulle sê watter van die dinge waarvan hulle in die skeppingsverhaal gehoor het, hulle sien (die lug, hemel, lig, son, bome, blomme, berge, voëls, diere, ensovoorts).

IETS BELANGRIK

Die ouers en kinders stap deur die kerkterrein of tuin en gesels oor die volgende vrae:

- Wie het eintlik al die blomme, berge, bome, ensovoorts, gemaak? (*God het dit gemaak.*)
- Wie sorg vir alles en almal? (*God sorg vir alles en almal.*)
- Hoe sorg God vir ons almal en alles? (*Die antwoorde kan insluit: Hy laat dit reën. Hy laat plante groei. Ons kan dit eet en aan die lewe bly.*)
- Bespreek hoe ons God se skepping kan versorg en oppas. (*Ons kan diere versorg, rommel optel, tuin natmaak, nie water of kos mors nie, vir mekaar en ander mense goed wees. Ons moet alles oppas en dit nie vernietig nie.*)

IETS OM TE DOEN

Gesels oor 'n maandelike projek wat die klas kan aanpak om te wys hoe belangrik dit is om die natuur te bewaar. Dit kan die volgende projekte insluit:

- Hulle kan een Sondagoggend vroeër kerk toe kom, of na afloop van die diens langer bly, om seker te maak dat die kerkterrein skoon en netjies is.
- Hulle kan 'n groente- of blombedding aanlê in die tuin by hulle huis of by die kerk en dit versorg. (Die koster, hul ouers of die tuinier kan gevra word om in die week die bedding saam met die res van die tuin op te pas.)
- Kies 'n gedeelte in die tuin om 'n voël-vriendelike ruimte te skep.

BY DIE HUIS

1. Laat hulle die volgende woorde leer: *Liewe Vader, ek sê dankie vir die lewe rondom my.*
2. Laat hulle prente of foto's van mense, diere, plante en die natuur uitknip en in hul boeke plak.
3. Laat hulle volgende keer prente bring wat liefde binne die gesin en samelewing uitbeeld. (Onthou dat daar verskillende gesinne kan wees: enkelouers, oupas en/of oumas, ooms/tannies, of die normale gesin met 'n pa en ma. Die woord *gesin* word verder in die boek gebruik vir enige van hierdie soorte gesinne.)

Die prente wat hulle bring, moet die volgende uitbeeld:

- Jesus is die bron van alle **liefde**, liefde begin by Hom. (Voorbeelde is 'n paartjie of persone wat sigbaar lief is vir mekaar, of 'n groter groep mense en kinders wat opmerklik gelukkig en liefdevol saam is.)
- **Pa en Ma is lief** vir mekaar. ('n Pa en ma wat opmerklik lief is vir mekaar.)
- **Die gesin is lief** vir mekaar.
- Die gesin leer met **huisgodsdienst** van God se liefde en hoe hulle moet lewe om God se hart bly te maak.
- Die gesin leer ook by die **kerk** van God se liefde en daar loof en prys hulle Hom. (Maak prente van jul gemeente en die kerkgebou beskikbaar.)
- Die gesin is **gasvry en vriende** kom kuier by hulle.
- Ons moet ons liefde ook buite die gesin wys deur **ander mense te help**.

4. Laat hulle hul ouers nooi om volgende week saam met hulle klas toe te kom vir die gesinsles.

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 552: 1 en 2 as gebed. (Laat hulle die woorde agter jou aan sê.)

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde
het ons als van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die lewe rondom my –
al die blomme en die diere
het hul prag van U gekry.
Amen.*

Nota:

Verduidelik aan die kinders die woord *prag* beteken mooiheid of skoonheid. Vra vir hulle hoekom hulle dink dit is reg dat ons in hierdie lied van die *prag* kan sing.